

Goosain Solomon*

Klein, medium en mikro-ondernemingsdag word op 27 Junie gevier om die belangrike rol van hierdie ondernemings (KMMO's) in ekonomiese groei en ontwikkeling te erken. Hulle verteenwoordig 90% van ondernemings wêreldwyd, terwyl hulle volgens die Wêreldbank tot meer as 50% van indiensneming en 40% van die BBP bydra. Volgens die Agentskap vir die Ontwikkeling van Klein Ondernemings is KMMO's se bydrae tot die BBP en indiensneming in Suid-Afrika onderskeidelik 34% en 60%.

In die lig van die aansienlike ekonomiese rol wat hulle speel, is die ondersteuning van KMMO's 'n strategiese openbare belegging wat inklusiewe en volhoubare groei en ontwikkeling kan ontsluit.

Die Suid-Afrikaanse regering het sedert 1995 etlike beleidsmaatreëls in werking gestel om die ontwikkeling en bevordering van klein ondernemings te ondersteun. Met verloop van tyd het hierdie meganismes meer geteiken en vaartbelyn geraak om die impak en toeganklikheid van ondersteuning te verbeter. Huidige ondersteuningsinstrumente sluit in mentorskap en afrigting, opleidingsprogramme, toegang tot finansiering (deur lenings of subsidies), algemene sake-adviesdienste, mark- en handelsfasilitering, asook programme vir sake-inkubasie en -versnelling.

Sake-inkubasie word veral in beleid- én akademiese diskoerse benadruk danksy die potensiaal daarvan om die groei, innovasie en volhoubaarheid van en klein- en mikrohandelondernemings (KMO's) in Suid-Afrika te versnel. Verskeie suksesfaktore vir sake-inkubasie is geïdentifiseer, insluitend toegang tot geskikte tegnologie en fasiliteite, streng keuringskriteria, die gehalte van entrepreneurs, ondersteuning van belanghebbendes, ondersteunende beleidsraamwerke, bekwame en gemotiveerde bestuur, asook volhoubare finansiële ondersteuning.

Onlangse navorsing laat egter die kollig op voortgesette prestasieverskille tussen Suid-Afrikaanse sake-inkubators val. Talle inkubators skiet tekort wanneer hulle met beste praktyke vergelyk word, wat dui op deurlopende uitdagings wat diensgehalte en effektiwiteit betref. Ander sukkel weens chroniese finansiële beperkings om te oorleef. Dit het 'n patroon van ontkoppeling meegebring, waar die verbinding tussen organisatoriese aktiwiteite en kernontwikkelingsdoelwitte verbreek word en legitimiteit dikwels bo impak geprioritiseer word.

Navorsing toon voorts dat inkubators gereeld sukkel met beperkte hulpbronne, uitgediende en verouderde masjinerie en tegnologie, asook 'n tekort aan geskoolde praktisyns, insluitend gapings in kritieke areas soos bemarkingstrategie. Wat hierdie probleme vererger, is dat baie beginondernemings wat tot inkubasieprogramme toegelaat word, nie aan die vasgestelde keuringskriteria voldoen nie, wat op sistemiese swakhede in die keuringsproses dui.

Die potensiaal van sake-inkubasie as 'n gespesialiseerde ondersteuningsmeganisme vir kleinsake-ontwikkeling word duidelik nie verwesenlik nie en dit word nie vir die regte doel gebruik nie. Dit dien kliënte wat nie die keuringsproses behoort te slaag nie; dit is nie goed toegerus nie; sake-ontwikkelingsvaardighede is gebrekkig; en strategiese bevoegdheid ontbreek. Om hierdie tekortkominge aan te pak, moet ons ons fokus verskuif van die verskaffing van basiese ondersteuning na die ontwikkeling van hoërorde-vermoëns wat beginondernemings wat tot inkubasieprogramme toegelaat word, vir langtermyn-aanpasbaarheid, innovasie en mededingendheid toerus.

Die verbetering van die kanse op sukses van klein ondernemings hang nie net af van die verkryging van basiese hulpbronne nie, maar ook van die ontwikkeling van hoërorde-vermoëns wat aanpasbaarheid, innovasie en strategiese vernuwing moontlik maak. Studies het getoon dat maatskappye met dinamiese vermoëns, soos bemarkingsvlugheid en geïntegreerde bestuursbenaderings, geneig is om proaktief op verandering te reageer deur tegnologie en organisatoriese leer te benut om komplekse stelsels te ontwikkel wat volhoubare prestasie voortdryf. Anders as drempelvlak-hulpbronne wat daaglikse bedrywighede en oorlewing ondersteun, bemagtig hoërorde-hulpbronne maatskappye om geleenthede te identifiseer, dit doeltreffend aan te gryp en aanhoudend vir langtermyn- mededingende voordeel en -volhoubaarheid te transformeer.

Daarbenewens berus innovasievermoë in die konteks van klein ondernemings by die eienaars, aangesien hulle die primêre besluitnemers is. Hulle persoonlike, gedrags- en omgewingskontekste is sleutelaspekte wat in ag geneem moet word en dus die ontledingseenheid tydens die ontwikkeling van klein ondernemings behoort te wees.

Om die rol van KMMO's in Suid-Afrika betekenisvol te verbeter, is drie strategiese verstellings met spesifieke verwysing na sake-inkubasie nodig: samewerking tussen die akademie, nywerhede en die regering vir effektiewe kennisoordrag en -oorgoed op die pad na volhoubare ontwikkeling, innovasie, entrepreneurskap en ekonomiese groei; die gebruik van sake-inkubasie as 'n gespesialiseerde KMMO-ontwikkelingsmeganisme; en die oorskakeling van 'n oorlewingsdenkwyse na een van hoërvermoëns – die vermoë om strategies op verandering te reageer of die vermoë om nuwe kennis te herken, te assimileer en toe te pas. Hierdie vermoëns is wat KMMO's in staat stel om volhoubaar te innoveer, mee te ding en volhoubaar te floreer – en nie net van subsidie tot subsidie te oorleef nie. Soos vakkundiges opgemerk het, is dit nie net hulpbronne nie, maar ook die vermoë om dit strategies te benut wat langtermyn-sukses moontlik maak.

In die konteks van KMMO-ontwikkeling is die entrepreneur die innovasie-enjin. Hulle individuele eienskappe, konteks en besluitnemingsbenaderings is van groot belang. As sodanig moet ons ekosisteme ontwikkel wat in entrepreneurs se vermoëns belê, en nie net in hulle sake-infrastruktuur nie.

As ons ernstig daarvoor is om 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomie te ontwikkel, is dit noodsaaklik om KMMO's met die regte vermoëns en ondersteuning te bemagtig – dit is nie opsioneel nie. Kom ons besin op KMMO-dag ook oor sake-inkubasie – 'n sleutelmeganisme vir die ontwikkeling en bevordering van klein ondernemings in Suid-Afrika en reg oor die wêreld.

*** Goosain Solomon is 'n dosent in die Afdeling Besigheidsbestuur aan die Universiteit Stellenbosch.**